## KONTAKBESONDERHEDE

Kerkkantoor
Erna Schuite
028 435 6789
* suidpuntngkerk@gmail.com
Leraar
Ds Franziska Andrag-Meyer
082 055 8921
* andragmeyer@gmail.com
Koster
Elize Oosthuizen
060 884 4756

## BANKBESONDERHEDE

NGK Suidpunt
ABSA
Takkode: 334-412
Rek nr: 1780147276
Gee asb 'n verwysing, bv. Dankoffer

Hoe om **Mobipaid** te gebruik om geld in die kerk se rekening te betaal. STAP 1: Gebruik selfoon en gaan na jou kamera. "Scan QR Code" en klik op "mpaid.us" (LW NIE jou Bank QR code nie) STAP 2: Voltooi inligting op skerm a) Naam b) Bedrag. c) Klik op Visa/Master STAP 3: Voltooi kaartbesonderhede. Laastens: Jy kan dit "save" en volgende keer net naam en bedrag invul.



## Gelukkige verjaardag

| | | |
|---|---|---|
| Henry | Delport | 01/12 |
| Pierre | Laubscher | 01/12 |
| Tersia | vd Riet | 01/12 |
| Ronel | Herfurth | 01/14 |
| Annemarie | Pienaar | 01/14 |
| Chris | Brandt | 01/15 |
| Gertruida | Louwrens | 01/15 |
| Charné | Snyman | 01/15 |
| André | Venter | 01/15 |
| Jan | Nieuwoudt | 01/16 |
| Thys | Odendaal | 01/16 |

NG KERK
SUIDPUNT
GOD IS ONS LIG

# BULLETIN

11 Januarie 2026

## WELKOM!

EREDIENSTYE
08h30 L'Agulhas
09h30 Struisbaai
Sinodale kollekte:
Mosambiek
Woensdag:
Skole open

Sondag 18 Januarie
08h30 L'Agulhas
09h30 Struisbaai
10h30 Kategese
Spesiale kollekte:
Alta du Toitskool
**Donderdag**
10h00 Alle versorgers kom byeen in Struisbaai

Gratis aarbeiplantjies beskikbaar by Frik Eckley @ Freesiastraat 25. Kontaknommer: 0832804288/0845649097

## DESEMBERBASAAR-TERUGVOER

Ons kan met groot dankbaarheid terugkyk op 'n wonderlike basaar.

Daar was nuwe inisiatiewe wat uitgetoets is, heelwat nuwe gesigte onder die helpers en (veral die Saterdag) BAIE voete.

Baie dankie aan

Al die gewillige helpers wat baie hard gewerk het
Die konvenors wat leiding geneem het
Alle skenkings wat gemaak is
Edna se voorvat in die kombuis en almal wat maande voor die tyd daar gehelp het
Die Projekte en funksie-bestuur se harde werk regdeur die jaar
Ons Hemelse Vader wat ons so oorvloedig geseën het.

Die voorlopige syfers dui op 'n inkomste van R271 000. Daar is nog 'n paar uitstaande bedrae wat in berekening gebring moet word. Daar sal 'n volledige uiteensetting van die basaars-, Nampo- en Fotografie-inkomste aan die einde van die finansiële jaar (Februarie 2026) aan die gemeente deurgegee word.

**Teksvers**- Psalm 28:7
Die Here is my sterkte en my beskermer, op Hom het ek vertrou. Hy het my gehelp. Daarom is ek bly en wil ek Hom loof met my lied.

## Ons bid vir...

1. Seën op die bediening in Mosambiek.
2. God se genade dat die Mobiele Kliniek in Mosambiek se werk mag voortgaan.
3. God se seën vir elkeen vir die nuwe jaar.
4. Geleenthede om God te dien met ons gawes.
5. Veiligheid op ons paaie.
6. Krag en ywer vir dit wat op ons pad kom.

DANKIE VIR:

1. Sendelinge in Mosambiek.
2. Organisasies en individue wat geld gee vir die Mobiele kliniek in Mosambiek.
3. Almal wat siekes behandel en versorg.
4. Gesondheid.
5. U Woord, liefde en genade.

## Sinodale kollekte: MOSAMBIEK

Die volgende berig verskyn in Getuie/ Witness, die amptelike nuusbrief van Getuienisaksie, geskryf deur Daniel de Wet. Mobiele kliniek bring hoop en genesing aan afgeleë gemeenskappe in Mosambiek. Dit is 'n drukkende, warm dag in Mosambiek se Angónia-distrik. Op 'n droë stuk grond onder 'n groot mangoboom vergader 'n klompie vroue en kinders. Party het al ure se stap agter die rug. Hulle wag. Hulle weet: vandag kom die mobiele kliniek. Die kliniek, wat byna 30 jaar gelede deur Suid-Afrikaanse sendelinge begin is, word nou bestuur deur Missäo Betesda en Moçambique. Dr. Pim de Lijster en sy vrou, Willemijn, woon in Portugal, maar keer jaarliks terug om leiding te bied. Elke maand besoek die kliniekspan, insluitend 'n mediese tegnikus, verpleegsters en vroedvroue, tien afgeleë dorpe soos Nkhame en Chicoa. Die paaie is moeilik begaanbaar, veral tydens reënseisoen, maar die span trotseer dit met toewyding. Onder 'n boom word kinders geweeg, swanger vroue ondersoek en pasiënte se siektes soos malaria, diabetes en hipertensie behandel. Die beskikbaarheid van medikasie bly 'n uitdaging, aangesien die kliniek afhanklik is van Mosambiek se gesondheidsowerhede.

## Doen & Deel

Tog gaan die werk onverpoos voort, gedryf deur geloof en roeping. Op 16 Februarie is 'n geliefde spanlid, Avora Mário (Lucrécia), oorlede. Haar dood laat 'n groot leemte, maar haar nalatenskap leef voort. Die kliniek se voortbestaan berus op toegewyde personeel, betroubare voertuie en ondersteuning van sendelinge, Getuienisaksies en ander sendingorganisasies. Ondanks uitdagings bly dié mobiele kliniek 'n baken van hoop vir duisende mense sonder ander toegang tot gesondheidsorganisasies.

### NET 5 JAAR EN NAUTILUS IS KLAAR!

Nautilus Leefstyl Village is gebou op een van die twee erwe wat die NG Kerk Bredasdorp aan die NG Kerk Suidpunt in Struisbaai in 1996 gegee het toe ons gemeente van Bredasdorp afgestig het. Dit is op 'n gedeelte van die erf gebou en is as lewensregoord van 27 wooneenhede ontwikkel. (Ons tweede kerkgebou is in Struisbaai gebou en staan op die ander erf. Die eerste kerkgebou staan al van 1963 af in L'Agulhas.) Die Kerkraad van die NG Kerk Suidpunt het die voorstel van ClearLake Capital (Edms) Bpk (CLC), 'n ontwikkelingsmaatskappy, aanvaar. Wat 'n fantastiese visie is nie in geloof aanvaar nie! Willie Meyer en Bernie Badenhorst is deur die Kerkraad benoem as direkteure namens die NG Kerk Suidpunt op die direksie van die gestigte Nautilus Struisbaai (Edms) Bpk. ClearLake Capital (Edms) Bkp se direkteure wat daarop dien, is Ben Smit en Werner Claassen. Op 11 Februarie 2020 is die graafwerk begin. Ten spyte van Covid se inperking en die feit dat daar eers genoeg wooneenhede verkoop moes word voordat die bouprojek kon aangaan, word die laaste 4 wooneenhede tans voltooi. 19 eenhede word al bewoon en 8 is beskikbaar vir verkope.'n Nie-winsgewende Organisasie (NPO), Nautilus Ressidents Association (NRA)) is tans in die proses om gestig te word met 2 direkteure wat die inwoners verteenwoordig en 1 direkteur vanaf Nautilus Struisbaai (Edms) Bpk. Tans word die wins van die verskil tussen die konstruksieprys en die verkoopprys van 'n eenheid gelykop tussen die twee aandeelhouers (die kerk en CLC) as dividende uitbetaal. Toekomstige dividende uit konstruksiewins sal op 'n 50:50 basis uitgekeer word sodra die oorblywende voltooide huise verkoop word. Daarna sal daar slegs by herverkope van 'n eenheid moontlik weer wins wees wat as dividende uitgekeer kan word. By herverkope word die wins soos volg verdeel:
10% - Nautilus Reserwefonds
45% - Verkoper van die eenheid
45% - Nautilus Struisbaai (Edms)Bpk. Dit word weer verdeel tussen die NGK Suidpunt en ClearLake Capital (Edms) Bpk ( 22.5% elk). Die inwoners is trots op hulle pragtige eenhede en hulle woon lekker.
Alle dank aan die 4 direkteure van Nautilus: Bernie, Willie, Ben en Werner. Julle is vasbyters! NAVRAE KAN AAN ENIGE VAN DIE BOGENOEMDE PERSONE GERIG WORD.